

## Uitlewing van die Adventhoop



### Sabbatmiddag

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Lukas 18:1-8; Mattheus 24-25; 1 Korintiërs 15:12-19; Klaagliedere. 8:14 en hfst. 12:13, 14; asook Openbaring 21:1-5 en hfst. 22:1-5.

#### Geheueteks:

“Daarom, lieve broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie” (1 Korintiërs 15:58, NAB).

**J**esus se aankondiging oor die koninkryk van God was: dit is hier. Dit is ’n teenswoordige werklikheid, waarvan ons nou reeds deel kan wees. Dit is ook die boodskap waarmee Hy sy dissipels uitgestuur het, en met die doel om deur prediking en naastediens – d.w.s. deur vrylik te gee omdat hulle vrylik ontvang het – God se koninkryk tot uitvoer te bring (*lees Matt. 10:5-8*). Jesus het dit egter ook duidelik gemaak dat sy koninkryk anders as die res is, dat dit “nie van hierdie wêreld [is] nie” (*Joh. 18:36, NAB*). Ook dat dit nog nie ten volle gekom het nie. Die vleeswording, bediening, dood en opstanding van Jesus was inderdaad die inhuldiging van daardie koninkryk, hoewel Jesus vooruitgekyk het op ’n dag dat sy koninkryk al die koninkryke van hierdie wêreld sal vervang, ’n dag waarop God se heerskappy allesomvattend sal wees. Per definisie is Adventiste – diegene wat in afwagting op die wederkoms en hierdie volledige koninkryk leef – mense van hoop. Tog is hierdie hoop nie net vir ’n toekomstige, nuwe wêreld nie. Hoewel hoop ’n toekomsgerigte onderneming is, transformeer dit ook die hede, die teenswoordige. Dit is met hierdie hoop dat ons die teenswoordige beleef en ook met verwagting na die toekoms uitsien; en daarom beywer ons ons om nou reeds ’n verskil te maak, wat in pas is met hoe ons glo die wêreld eendag daar sal uitsien.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 14 September.*

## “Hoe lank nog?”

Regdeur die Bybel lees ’n mens deurgaans van God se volk – veral van diegene wat met slawerny, ballingskap, verdrukking, armoede of enige ander soort onreg of tragedie te kampe gehad het – en hoe hulle by die Here om ingryping gepleit het. Die Hebreuse slawe in Egipte, die Israeliete in Babilon, en vele ander roep uit tot God, om hulle swaarkry en seerkry raak te sien, en die euwels reg te stel. Die Bybel bied ons ook noemenswaardige voorbeelde van hoe God sy volk gered en herstel, en selfs die onderdrukkers of vyande uit wraak straf. Tog was hierdie reddings van korte duur, en die onderskeie profete het aanhoudend gewys op ’n toekomstige, finale ingryping wanneer God die kwaad tot ’n einde sal bring en die vertraptes sal ophef. Nietemin het dié profete voortdurend uitgeroep: “Hoe lank nog, o Heer?” Let op die volgende navraag oor die Israeliete in ballingskap, waar ’n engel aan die Here vra: “Here van die leërskaar, hoe lank nog bly U sonder ontferming?” (*Sag. 1:12a, OAB*).

In Psalms lees ’n mens van die oënskynlike welvaart en geluk van die bese, terwyl die regverdige mishandel en uitgebuit word, en in armoede kreppeer. Hierdie toedrag van sake word oral deur die psalmdigters betreur. In psalms hoor ’n mens voortdurend die pleidooi dat die Here tog moet ingryp, met die oortuiging dat die teenswoordige bestel nie in pas met die mens se Godgegewe skeppingsdoel is nie, of selfs dat dit nie God se wil vir sy skepsels is nie. Die psalmdigter sluit hom aan by die profete en die stem van die onderdrukte, en vra: “Hoe lank nog, o Heer?” (*lees byvoorbeeld Ps. 94:3-7*). In ’n sekere sin is ongeregtigheid moeiliker om te verduur vir diegene wat in ’n regverdige God glo, vir hulle wat glo dat Hy geregtigheid vir al sy kinders begeer. Kinders van die Here sal altyd ongeduldig oor die kwaad op hierdie planeet wees. Die feit dat God oënskynlik versuim om tussenbeide te tree, dra boonop by tot die ongeduld. Vandaar die profete se reguit en harde vraag: “Hoe lank, o Here, roep ek om hulp, maar U hoor nie; skreeu ek tot U: Geweld! – maar U help nie?” (*Hab. 1:2, OAB*). ’n Soortgelyke pleidooi word in die Nuwe Testament gehoor, waar die skepping self kreun voor God, uit pure verlange na redding en herskepping (*lees Rom. 8:19-22*). In Openbaring 6:10 hoor ’n mens weer die versugting – “Hoe lank nog, o Heer?” – dié keer ter wille van diegene wat ’n marteldood vir hul geloof moes sterf. Die pleidooi bly egter dieselfde: Liewe Heer, gryp ter wille van diegene wat onderdruk en vervolgd word, asseblief tog in!

---

---

**Lees Lukas 18:1-8. Wat sê Jesus, wat is die Vader se respons op die voortdurende versugtinge en gebede dat Hy tog ter wille van sy kinders moet ingryp en optree? Hoe hou Jesus se antwoord verband met die Christen se behoefte aan geloof?**

## 'n Bepaalde soort hoop

Godsdiens kom dikwels onder skoot vir die neiging om gelowiges se aandag op 'n beter hiernamaals te vestig terwyl die teenswoordige wêreld agterweê bly. Volgens dié siening word die fokus op 'n bowêreldse bestel 'n soort gewyde ontvlugting, wat die gelowige van minder nut vir die wêreld en die samelewing maak. Af en toe is dit ongelukkig verdiende kritiek. Soms preek en beoefen party Christene dit, en moedig ander daartoe aan.

Dan is daar ook nog ander verdraaide voorbeelde, van die bevoorregtes wat die armes en onderdrukte aansê om bloot hul tragiese lewenslot te aanvaar – alles sal regkom wanneer Jesus op die wolke verskyn. Ja, ons wêreld is inderdaad 'n gevalle en gebroke plek, 'n tragedie. Die verlange na 'n dag waarop die Here alles gaan regstel – 'n dag waarop Hy die ongeregtigheid, pyn en smart tot 'n einde gaan bring; waarop hy die teenswoordige wanorde met sy glorieryke koninkryk, sy vesting van geregtigheid, gaan vervang – is geensins 'n fout of 'n mistasting nie. Sonder daardie vooruitsig – sonder daardie belofte – het ons, per slot van rekening, glad geen hoop nie. Die eerste helfte van Jesus se preek oor die voleinding van die wêreld (*lees Matteus 24 en 25*) handel oor die redes vir die ontvlugtingsbehoefte. Jesus bereik selfs 'n punt waar Hy sê: “En as dit nie was dat God daardie tyd ingekort het nie, sou geen mens dit oorleef nie” (*Matt. 24:22, NAB*). Tog is hierdie “ontvlugtingsgedeelte” merendeels 'n inleiding, sodat Jesus oor die betekenis van die aangebode beloftes kon uitwei. Om uitsluitlik – of selfs hoofsaaklik – te fokus op die “ontvlugtingsgedeelte” van die Christen se toekoms hoop is egter om die dieper punte wat Jesus probeer tuisbring het, mis te kyk.

**Lees Matteus 24 en 25. Wat is die belangrikste insigte wat jy uit hierdie preek van Jesus gekry het? Hoe sal jy Jesus se instruksies vir hoe ons in afwagting op sy wederkoms behoort te leef, opsom ?**

---

---

---

Wat 'n mens oor die toekoms glo, het belangrike implikasies vir die manier wat jy in die teenswoordige wêreld lewe. 'n Gesonde vertroue in God se beloftes oor die aarde se toekoms behoort die vonk vir 'n lewe van dinamiese betrokkenheid te wees, die ontketening van 'n lewe wat ryk en diep is, en wat 'n verskil in ander se lewens maak.

**Hoe kan en behoort die hoop en belofte van Jesus se wederkoms 'n impak te hê op die wyse waarop ons nou lewe, veral binne die konteks van liefdadigheid en naastediens?**

## Die opstandingshoop

Die Christen se wederkomshoop gaan nie net oor 'n blink toekoms nie. Vir die eerste Christene het die fisieke opstanding van Jesus die belofte oor sy wederkoms 'n tasbare werklikheid gemaak. As Hy dan uit die dood kan opstaan – waarvan hulle immers ooggetuies was – kan Hy sekerlik terugkeer om sy projek te volvoer, naamlik om sonde en die gevolge daarvan te verwyder, en dan die wêreld te vernuwe (*lees 1 Kor. 15:22, 23*). Vir die apostel Paulus was die opstanding die grondslag van die adventhoop. Hy was bereid om die geloofwaardigheid van sy ganse prediking op daardie triomfantelike oomblik in Jesus se lewe te wed: “En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos” (*1 Kor. 15:17, NAB*). Bepeins 'n bietjie die apostel se woorde, en hoe belangrik Jesus se opstanding vir alles is waarop ons hoop.

**Lees 1 Korinthiërs 15:12-19. Hoe kan 'n mens aan 'n nuuskierige ongelowige verduidelik waarom die opstandingswaarheid so deurlaggewend vir die hoop is wat ons koester?**

---

---

---

Deur aanskoue is die dissipels getransformeer – hulle het die verrese Jesus met hul eie oë gesien. Soos ons reeds vasgestel het, stuur Jesus eers die dissipels uit om die goeie nuus oor die koninkryk te verkondig en om daardie koninkryk tot uitvoer te bring (*lees Matt. 10:5-8*) – maar dan word Jesus gekruisig. Hul moed is gebreek en hul hoop lê aan skerwe. Later ontvang hulle weer die groot opdrag (*see Matt. 28:18-20*), maar dié keer van 'n verrese Jesus, en met die krag van die uitgestorte Heilige Gees (*see Hand. 2:1-4*). Hierdie wending plaas hulle op 'n wêreldtransformerende paadjie, waarin hulle die koninkryk wat Jesus kom vestig het, uitleef. So word die eerste Christene dan bevry van die mag van, en vrees vir, die dood. Met groot dapperheid leef en verkondig hulle die verrese Jesus (*lees byvoorbeeld 1 Kor. 15:30, 31*). Neem in ag dat dieselfde kwaad wat die dood gebring het ook lyding, swaarkry, ongeregtigheid en armoede, asook onderdrukking in sy vele vorms veroorsaak – maar danksy Jesus en sy oorwinning oor die dood sal al hierdie dinge eendag tot 'n einde kom. “Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood” (*1 Kor. 15:26, OAB*).

**Uiteindelik kom elke liewe mense te sterwe, ongeag jou pogings tot naastediens. Wat leer ons uit hierdie wrede werklikheid oor die belangrikheid van evangelisasie, veral oor die verkondiging van die hoop wat slegs in die dood en opstanding van Jesus te vinde is?**

## Die oordeelshoop

**Lees Prediker 8:14. Waar bespeur 'n mens oral die wrede en onontkombare werklikheid waarvan die prediker hier praat?**

---

---

Terwyl lyding, swaarkry, onderdrukking en tragedie opsigself 'n bitter pil is om te sluk, het ons boonop 'n groter hartseer: wat as dit alles verniet was of as niemand dit raakgesien het nie? Dat ons smarte dalk betekenisloos is, is 'n groter trauma as die smart self. 'n Wêreld sonder enige boekhou van leed of waarin reg en geregtigheid net nooit geskied nie, is die toppunt van wreedheid en absurditeit. Dit is geen wonder dat 20ste-eeuse ateïste die "absurditeit" van die menslike toestand – soos hulle dit sien – betreur het nie. Met geen hoop op reg en geregtigheid of op 'n finale beslissing of 'n regstel van die verkeerde nie, sal die wêreld beslis 'n absurde plek wees. Tog is die versugting van Prediker 8:14 nie die einde van dié verhaal nie. Teen die einde se kant is daar skielik 'n wending in al Salomo se protes. Terwyl hy so die betekenisloosheid van alles bepeins, skemer dit deur. Wat hy basies sê, is: Wag 'n bietjie, die Here gaan eendag oordeel, so alles is nie nutteloos nie. Om die waarheid te sê, alles en almal maak beslis nou saak.

**Lees Prediker 12:13, 14. Wat sê dit vir ons oor hoe belangrik alles wat ons op aarde doen eintlik is?**

---

---

Die oordeelshoop gaan op die keper beskou oor geloof – oor wie God, en wat die lewe en die wêreld waarin ons woon – essensieel is. Soos ons reeds vasgestel het, hou die Bybel vol dat ons ons in 'n wêreld bevind wat deur God geskape is en wat deur Hom liefgehê word. Tog is dit ook een waarin dinge lelik skeefgeloop het. Nietemin is God hard besig is om sy herskeppingsplan in ons wêreld te volvoer, 'n projek wat deur die lewe en dood van Jesus van stapel gestuur is. God se oordeel is een van die sleutels tot die regstel van die dinge wat hier skeefgeloop het. Vir diegene wat aan die ontvangkant van so baie van die ewels in ons wêreld was en is – vir diegene wat uitgeskuif, soos diere behandel, en onderdruk en uitgebuit is – is die beloofde oordeel beslis goeie nuus.

**Eendag, en op maniere wat ons ons nie kan indink nie, gaan die reg en geregtigheid waarna ons so smag uiteindelik geskied. Wat beteken dié wete vir jou? Hoe kan 'n mens hoop uit hierdie belofte put?**

## Al die trane en pyn vir ewig verby

**Lees en bepeins Openbaring 21:1-5 en hfst. 22:1-5. Stel jou die lewe wat hier beskryf word, voor. Hoekom is dit so moeilik om jou 'n lewe sonder sonde en die dood, en sonder pyn en trane voor te stel?**

---

---

---

Die Bybelse beskrywing van die lewe na sonde is ongetwyfeld wonderlik en verruklik, en laat bes moontlik nie reg aan die ware Jakob geskied nie. In hierdie beskrywings sien 'n mens dan ook dat die lys van dinge wat nie daar gaan wees nie, net so lank is as dié wat wel daar gaan wees. Wanneer die teenswoordige wêreld jou enigste verwysingsraamwerk is, is dit egter moeilik om jou 'n lewe sonder pyn en lyding, vrees en die dood, en ongeregtigheid en armoede voor te stel. Boonop gebeur iets moois tussen God en mens in die afwesigheid van sonde: “En God sal al die trane van hulle oë afvee” (*Op. 21:4, OAB*). Gesien binne die konteks van die verlostes bereik God se medelye vir dié wat deur die geskiedenis heen die onderspit gedelf het 'n klimaks in hierdie kort ou sinnetjie. Nie net bring Hy hulle seer- en swaarkry tot 'n einde nie, Hy vee ook hul trane af.

Te midde van die geweld en skending wat sonde in ons wêreld van onreg en tragedie veroorsaak het, sinspeel Openbaring duidelik op 'n helingsproses vir elkeen van ons wat op velerlei maniere die slagoffers van sonde was. In Johannes se beskrywing van die boom van die lewe sê hy: “die blare van die boom is tot genesing van die nasies” (*hfst. 22:2, NIV*). Weereens toon die Here sy begrip en medelye vir die stryde wat ons moes stry – die dinge was ons moes voel, ervaar en aanskou – en selfs ons aandeel in die kwaad wat voorheen in die wêreld was. Sy plan vir die herskepping van die aarde sluit dus ook die herstel en heling van ons elkeen in. Tot tyd en wyl strewe ons om die allerbeste in Christus te wees; om ons kant te bring, ten spyte van hoe onvolmaak en klein ons bydrae ook al is; om diegene om ons te help wat smag na die dinge wat ons hulle te bied het. Wat ons bydrae ook al is – woorde van vertroosting, 'n gekookte bord kos, mediese en tandheelkundige hulp, klere, berading – alles wat binne ons bereik is, behoort ons te doen; en boonop met dieselfde selfverloënde en selfopofferende liefde wat Jesus op aarde uitgeleef het.

Ongelukkig is dit eenmaal so dat die wêreld nou einde se kant toe staan, ten spyte van ons beste pogings tot 'n beter samelewing. Dit het Jesus gewee. Nietemin het daardie waarheid Hom nie gekeer om naastediens te verrig nie, en daarom behoort ons ook nie tou op te gooi nie.

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “Called to Reach a Higher Standard” op bl. 309-322 in *The Acts of the Apostles*, en “Desolation of the Earth” op bl. 653-661, in *The Great Controversy*. “Wanneer die stem van die Here sy kinders uit hul aardse ballingskap roep, ontwaak al die ander mense wat die lewenstryd verloor het – en die gort is gaar! Terwyl die genadetyd uitgeloop het, het hulle hulle deur Satan en sy misleidings om die bos laat lei. Diesulkes het altyd ’n verskoning vir hul sondes gehad. Die rykes was vreeslik trots op hul verbeelde bobaasskap oor die minderbevoorregtes, tog het hulle hul rykdom op ’n onregmatige wyse bekom, deur God se wette te breek. Hulle het versuim om die armes kos te gee, om dié te klee wat geen klere gehad het nie, om billik en regverdig teenoor ander te wees, en om barmhartigheid voorrang te gee... Hulle het hul siele vir aarde rykdom en plesiere verkoop, en het nooit rykdom in die Here nagejaag nie. Die gevolg? Hulle lewens is ’n mislukking. Die verlede se genot is nou so bitter soos gal, al hul skatte [vir ewig] tot niet” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 654). “Die groot stryd is oor en verby. Sonde en sondaars bestaan nie meer nie. Die ganse heelal is silwerskoon. Harmonie en vreugde – ’n enkele polsslag – weerklink deur God se omvangryke skepping. Vanuit Hom wat alles geskep het, stroom dit onophoudelik – lewe en lig en blydschap, tot in die verste uithoeke van die ewige ruimte. Van die kleinste atoom tot die grootste planeet – alles lewend en nie-lewend – in hul onverstoorte prag en volmaakte vreugde verklaar dit: God is liefde!” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 678).

## Vrae vir bespreking:

1. Hoe toon die afgelope week se les dat die teenswoordige lewe wel ’n nut het? Vergelyk dit met die siening wat party mense huldig, dat ’n mens jou nie aan die teenswoordige lewe en wêreld hoef te steur nie aangesien God dit in elk geval gaan vernietig en gaan oorskep. Ons loop ook die gevaar om die beloofde nuwe hemel en aarde as ’n soort skuiwergat vir die ontduiking van naastediens en liefdadigheid te gebruik (aangesien die Here mos Self die aarde gaan kom regruk). Hoe waak ’n mens daarteen? Of nog erger, hoe waak ’n mens teen die versoeking om ander uit te buit siende dat geregtigheid eers in die hiernamaals verwesenlik gaan word?
2. As Sewendedag-Adventiste glo ons dat bybelprofesie ’n skerp toename in boosheid, probleme, swaarkry en lyding in aanloop tot die wederkoms van Christus voorspel. Wanneer ons die vervulling van hierdie dinge in die wêreld bespeur, is ons gou om Matteus 24 aan te haal. Hoe behoort ons egter hierdie tragedies in die lig van Matteus 25 te beskou?

## Opsomming:

Onse God gaan nie toelaat dat boosheid vir ewig sy gang gaan nie. Die wederkoms is die Bybel se groot hoop, daardie dag wanneer die kwaad tot ’n einde gaan kom en wanneer die kwaal van ongeregtigheid genees gaan word. Op daardie dag gaan ’n nuwe wêreld geskep word, een wat is hoe die oue veronderstel was om te wees. Daardie wederkomshoop – gegrondves in die opstanding van Jesus – transformeer die hede en skenk ons, in aanloop tot die wederkoms, die nodige moed om in diens aan God en die mens te leef.